**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 3 EENHEID 9: DIE LANDBOU- EN MYNBOUFASE**

***MEMORANDUM***

1 **Waarom is steenkool as ’n belangrike produk beskou in die landbou- en mynboufase?**

Steenkool is ’n bron van energie en is gebruik om hitte te verskaf, om stoomenjins aan te dryf en elektriese krag op te wek.

2 **Wat is die “goustandaard”?**

Dit is wanneer ’n land se geldeenheid deur goud gerugsteun word.

3 **Waarom behaal goud hoë pryse?**

Die hoë pryse is die gevolg van ’n groot wêreldwye vraag na goud en ’n beperkte aanbod.

4 **Hoe groot is die persoonlike gebruikswaarde van goud?**

Goud het nie groot gebruikswaarde vir die individu nie, dit het grootliks beleggingswaarde.

5 **Hoe het die ontwikkeling van myne die arbeidsmag geraak?**

Myne het ’n groot vraag na arbeid en arbeid het vanaf die platteland na die myne verskuif.

6 **Het diamante gebruikswaarde en beleggingswaarde?**

Diamante het gebruikswaarde, grootliks in die vorm van juweliersware. Dit het ook beleggingswaarde omdat dit oor tyd in waarde toeneem.

7 **Waarom is die grootste gedeelte van die ontginde goud en diamante uitgevoer?**

Die binnelandse mark vir goud en diamante was baie klein. Die buiteland, veral die Verenigde Koninkryk en die VSA het ’n groot vraag na goud en diamante gehad.

8 **Watter voordeel het die staat uit die mynboubedryf gekry?**

Die staat het ’n belastinginkomste uit die winste van myne en die inkomste van mynwerkers gekry. Die staat het ook ’n inkomste gekry uit die fooie wat myneienaars betaal het om mynboulisensies te verkry.